

Sing vooraf staande: Psalm 91:7 (p. 462)

- 7 Hoog sal jy oor die leekop stap, / vertree die roofbespringer;
jy sal op slang en adder trap / wat sluipend om jou slinger.
“Hy het my lief, hom maak Ek vry / wat dierbaar in my oog is;
Ek waak oor hom, want hy bely / my Naam wat hoog en sterk is.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 20 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 20 U wat my red, my hoog verhef, / die vyand fnuik, tiranne tref –
U wil ek loof, U singend eer, / U by die nasies groot maak, Heer,
en U vir groot verlossings prys! / Aan u gesalfde is guns bewys,
aan Dawid en sy nageslag: / U sy die eer en roem en krag!

Gebed

Psalm 9:7, 9, 10 (p. 37)

- 7 Die hart van hul wat U bely, / sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil vertrou, / is by U veilig en behoue.
- 9 Bewys aan my genade, HEER, / en sien op my ellende neer!
U, wat my aan die dood ontruk het, / kyk, hoe my haters my verdruk het!
- 10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Skriflesing: Hooglied 1

Teks: Hooglied 1:3; Kategismus Sondag 12

**U salf is aangenaam van geur, u naam is soos salf wat uitgegiet is;
daarom het die jonkvroue u lief.** (Hooglied 1:3 AFR53)

Daar is 'n baie sterk ooreenkoms tussen 'n vrou en haar man in die huwelik, en die Here
Jesus Christus en sy Kerk in die opset van God se koninkryk.

- Soos wat 'n bruid met haar hele hart verlang na haar man, so moet die Kerk – dit is
al die gelowiges – met hulle hele hart en met al hulle kragte na die Here Jesus
Christus verlang.
- En soos wat 'n vrou by die huwelik die naam en die blyplek van haar man
aanneem, so kry die Kerk die Naam van die Here Jesus Christus en blyplek in God
se koninkryk – op die nuwe aarde.

In Efesiërs 5 van vers 22 af word die verhouding van 'n vrou teenoor haar man beskryf.

- In dié gedeelte word geskryf dat die vrou aan die man onderdanig moet wees, want die
man is oor die vrou gestel soos wat die Here Jesus Christus oor die Kerk gestel is.
- Die man word net reguit aangesê om sy vrou lief te hê, want God het die Kerk altyd
lief. Die man het geen keuse nie – hy moet doen soos God doen.
- *Die huwelik is dus die simbool van die verhouding tussen God en sy Kerk.*

Daarna vergelyk die Efesiërbrief die heiligheid binne die huwelik met wat deur die sakrament van die heilige doop uitgebeeld word.

- Die doop is die simbool daarvan dat die verhouding tussen die Kerk en die Here volmaak is omdat die Kerk se sondes deur die Here Jesus Christus weggewas is.

Daarna staan daar in die Bybel:

Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. (Efesiërs 5:32 AFR53)

Dit gebeur dus werklik soos dit in die boek Hooglied geskryf staan:

U salf is aangenaam van geur, u naam is soos salf wat uitgegiet is; ...
(Hooglied 1:3 AFR53)

Die Naam van die Here Jesus Christus word so letterlik oor ons uitgestort dat ons selfs sy Naam dra: Christene.

Om die Here Jesus Christus se Naam te dra, beteken dat ons deel aan wie en wat Hy is: Die Here Jesus Christus is tot drie ampte gesalf: Profeet, Priester en Koning – ons dus ook.

- Hy leer en onderrig, verlos en vertroos en Hy neem ons as sy onderdane aan.
- Die gemeente moet dit glo en bely: die Christus van God wat tot al drie hierdie ampte gesalf is.

Die moderne mans gaan dadelik vra: Wat kan die Here Jesus Christus in hierdie drievoudige amp vir my doen?

Die antwoord is: Alles wat vir ons verlossing nodig is!

- Deur sy **Profeetskap** verlig Hy ons harte en ons verstand.
 - Hy skenk die Woord van God aan ons. Hy maak dat ons die lus het om die Bybel te lees en te verstaan.
 - Jesus Christus, die Profeet, het die verborgenheid van God se Raadsplan aan ons bekend kom maak: Hy openbaar dat God se raad is dat Hy ons verlos en met God versoen deur sy dood.
- Die Here Jesus Christus, die **Priester**, is ons Verlosser.
 - Heel eerste omdat Hy aan die kruis vir ons gesterf het.
 - Met hierdie offerdaad van Hom het Hy ons van die straf en die smet van ons sondes vrygemaak – want die offerdaad was juis dat Hy daarvoor gesterf het.
 - Die Priester is ook die Trooster wat God se vrede aan ons gee. Hy gee die innerlike vrede dat ons kan weet dat ons uitverkorenes is wat vir ewig aan God behoort en deur sy offer bestem is vir die ewige lewe.

God die Heilige Gees werk ook op hierdie vlak, want Hy skenk die geloof en die vaste wete dat ons salig is. God die Heilige Gees werk in en deur al drie die ampte van die Here Jesus Christus.

- *Hy bewerk insig in ons verstand as ons luister na die verkondiging van God se Woord (profeties).*
- *Hy skenk die innerlike troos en sekerheid dat die Hoogste Priester van God ons deur sy offer met God versoen het.*
- *Die Heilige Gees laat ons verstaan dat die kruisdood juis my persoon raak! Ek is persoonlik daarby betrokke, want dis my verlossing en my saligheid wat daar bewerk en verseker is!*
- Die Here Jesus, ons ewige **Koning**, heilig ons sodat ons burgers van sy koninkryk kan wees.

Omdat ons dié dinge weet – dis aan ons geopenbaar – moet ons die naam *Christen* met eer en waardigheid dra. Dit bring ons by ons verantwoordelikheid:

- Ons moet kennis hê van alles wat aan ons geopenbaar is. Ons moet die inhoud van die Bybel in ons verstand in kry.
- Omdat ons God die Heilige Gees as Leidsman het, moet ons nie kla dat die Bybel te moeilik is om te verstaan nie.
 - Die Gees van God lei ons – Hy doen nie ons werk vir ons nie, want Hy is nie ons slaaf nie!
 - Hy lei ons sodat ons die insig het om ons geloofswerk self te kan doen!

Geloofsprestasies kom nie vanself nie. Ons moet ons daarin oefen – dit werk net soos liggaamlike fiksheid.

- Ons moet leer om in die krag van die Here Jesus te lewe.
- Ons moet Hom daaglik beteer leer ken uit sy Woord onder die leiding van God die Heilige Gees.

Vergeet ons nie soms dat ons geloofsoorwinnings die ander geloofsgenote ook kan versterk nie?

- Die vraag is spesifiek gerig aan die wat altyd net kla.
- Geloof is nie net 'n alleensaak tussen my/jou en die Here nie. Medegelowiges put ook krag uit mekaar se vroomheid.

Dan is daar ook nog dit dat ons moet besef dat ons almal beklee is met die drie ampte van die Here Jesus Christus – want ons is Christene.

- Elkeen van ons is **priester** wat liefdesdiens en barmhartigheid moet doen.
 - Ons moet almal bid.
 - Ons moet almal ons hele lewe as 'n dankoffer aan God wy.
- Net so is ons elkeen ook **profeet**.
 - Ons moet getuig van die Here Jesus.
 - Ons hoef nie in 'n erediens op 'n preekstoel te staan en preek soos 'n dominee om 'n getuie vir die Here Jesus en sy verlossingswerk te wees nie.
 - Ons hele lewe moet getuig dat ons God se eer uitdra met woord en daad. Ons moet tog praat oor godsdiens en oor wat in die Bybel staan.
- Daar is nie een mens wat nie **koning** van die Here is nie.
 - Hy het nie verniet vir Adam gesê dat hy die aarde moet bewerk en bewaak nie.
 - In al ons handel en wandel moet dit dus duidelik wees dat ons besig is om God se koningskap in sy Naam uit te oefen.
 - NB Die Here het nooit sy gesag aan ons oorgedra nie – al wat Hy gedoen het, was om sy wil aan ons te openbaar sodat ons sy gesag kan uitoefen.
 - Ons moet dus ook in die Here se Naam sy koningskap oor die werke van die Satan uitoefen.

Iemand wat nie die beeld van God vertoon nie, kan tog nie verwag om in die hiernamaals by God gehuisves te word nie.

Kom ons kyk saam na wat in ons belydenisskrifte hieroor geskryf staan – in die Heidelbergse Kategismus Sondag 12:

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurig deur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15.

(d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 1:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28 Op 12:10, 11.

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1;

1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Ef 6:11;

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 2:1 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrootes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 2 April 2006
Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum 7 Julie 2013